WEES SEKER. BOTU-SURE SEKER

# Botu-Sure

## + ANTHRAX VACCINE

VERTROU ALTYD JOU DUBBEL AKSIE

BESKERM TEEN

MILTSIEKTE + LAMSIEKTE




250ML - 62 DOSISSE
50ML - 12 DOSISSE

250ML - 125 DOSISSE
50ML - 25 DOSISSE

Reg. Nr. G4258 Wet 36/1947 NS0 V18/24.4/1436 Wet 13/2003

Beskikbaar in:
**50ML & 250ML**

KYRON AGRI

Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.

KAH/PM013/2022/1

# WEES SEKER. BOTU-SURE SEKER

# Botu-Sure + ANTHRAX VACCINE

Reg. Nr. G4258 Wet 36/1947 NS0 V18/24.4/1436 Wet 13/2003

SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

## ENTSTOF VIR BEESTE EN SKAPE

**BEWARINGSINSTRUKSIES**
Bewaar tussen 2 °C tot 8 °C. Moenie vries nie.
Beskerm teen lig.

**DOSEERVORM**
Inspuitbare entstof

**SAMESTELLING**
*Bacillus anthracis* ongekapsuleerde avirulente Sterne 34$F_2$ stam aktiewe spore *Clostridium botulinum* Tipes C1 + C2 en tipe D toksoïede.

**INDIKASIES**
Vir die aktiewe immunisering van beeste en skape teen miltsiekte en lamsiekte.

**METODE VAN WERKING**
Immuniteit ontwikkel binne 3 - 4 weke na inokulasie en duur vir ten miste 'n jaar.

**WAARSKUWINGS**
- Moet nie diere binne 21 dae na die laaste inenting vir menslike gebruik slag nie.
- Slegs gesonde diere moet ingeënt word.
- Soos vir alle entstowwe mag hipersensitiwiteitsreaksies per geleentheid voorkom. In sulke gevalle moet gepaste behandeling, soos adrenalien en/of antihistamiene, sonder versuim toegedien word.
- 'n Tydelike swelsel mag voorkom op die plek waar die entstof toegedien is, en sommige diere mag 'n matige styging in liggaamstemperatuur vir een of twee dae toon.
- Soos vir alle entstowwe, kan absolute immuniteit nie in alle diere gewaarborg word nie. Dit is raadsaam om 'n veearts rakende bykomende beheermaatreëls te raadpleeg.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie entstof breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg die veearts en verwittig die registrasiehouer.

**VOORSORGMAATREËLS**
- Gepaardgaande toediening van antibiotika aan ingeënte diere word teenaangedui, aangesien die antibiotikum met die werking van die entstof sal inmeng.
- Antibiotika moet nie gegee word nie vir sewe dae voor en na inenting.
- Gebruik slegs steriele naalde en behoorlik gesteriliseerde apparaat vir inenting. Ten einde toepaslike higiëne te handhaaf, is dit raadsaam om die naalde so dikwels as moontlik met skoon steriele naalde te vervang.
- Moenie hierdie entstof met enige ander veterinêre medisinale produk vermeng nie.
- Gooi houers wat net gedeeltelik gebruik is weg na inenting.
- Raadpleeg u veearts rakende herinentings.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
Gebruik slegs soos aangedui. Skud goed voor gebruik. Die aanbevole roete van toediening is deur onderhuidse inspuiting.

**DOSIS**
**Beeste:** 4 mℓ
**Skape:** 2 mℓ

**DOSISAANBEVELINGS**
**BEESTE**
- Kalwers moet vir die eerste keer teen 4 tot 6 maande ouderdom ingeënt word. 'n Skraagdosis inenting met 'n entstof wat *Clostridium botulinum* Tipes C en D toksoïede bevat moet 4 tot 6 weke later toegedien word.
- Volwasse diere wat nooit voorheen geënt was nie, moet met BOTU-SURE + ANTHRAX Vaccine ingeënt word. 'n Skraagdosis inenting met 'n entstof wat *Clostridium botulinum* Tipes C en D toksoïede bevat moet 4 tot 6 weke later toegedien word.
- Daarna moet 'n enkele skraagdosis jaarliks toegedien word.

**SKAPE**
- Skape moet vir die eerste keer teen 3 tot 4 maande ouderdom ingeënt word. 'n Skraagdosis inenting met 'n entstof wat *Clostridium botulinum* Tipes C en D toksoïede bevat moet 4 tot 6 weke later toegedien word.
- Volwasse diere wat nooit voorheen geënt was nie, moet met BOTU-SURE + ANTHRAX Vaccine ingeënt word. 'n Skraagdosis inenting met 'n entstof wat *Clostridium botulinum* Tipes C en D toksoïede bevat moet 4 tot 6 weke later toegedien word.
- Raadpleeg u veearts rakende jaarlikse skraagdosisse.
- Herinenting mag nodig wees voor enige chirurgiese prosedures wat wonde mag veroorsaak, insluitende lam, stert afsny, kastrasie en skeer.
- Verseker dat die naald die vel gepenetreer het voordat die produk ingespuit word by diere met lang vag.

**AANBIEDING**
50 mℓ & 250 mℓ.

KYRON AGRI
Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.